

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

Bezuidenhout v Bezuidenhout (1954/2011) [2013] ZANWHC 13 (14 February 2013) [2013] ZANWHC 13

COURT

North West High Court, Mafikeng

BEFORE

A A Landman

CASE / FILE NUMBER

1954/2011

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

IN DIE NOORDWES HOOGGEREGSHOF

(MAFIKENG)

SAAK NR. : 1954/2011

In die saak tussen:

LAZELLE BEZUIDENHOUTAPPLIKANT

en

PIETER CHRISTIAAN BEZUIDENHOUTRESPONDENT

UITSPRAAK

LANDMAN R:

- [1] Die applikante verdien R42 208 per maand. Die aftrekkings wat haar werkgewer maak beloop R38 042. Dit laat haar met 'n netto salaries van R4 166 per maand.
- [2] Die applikante se maandelikse uitgawes, wat sy uiteengesit het, beloop R23 790.
- [3] Die applikante se maandelikse huurgeld, selfoon, water en ligte, voertuig afbetalings is deur haar werkgewer afgetrek.
- [4] Dit beteken dat haar uitgawes met R11 761 verminder moet word. Haar te kort beloop dus R7 863.

- [5] Die respondent verdien R10 369 netto. Dit skyn dat hy ook van tyd tot tyd ander bedrae bv betaling vir oortyd gewerk, verdien. Sy uitgawes beloop R10 488 insluitend R2 000 per maand wat hy ten opsigte van onderhoud van die kinders betaal. Nie een van die partye kan bekostig om 'n bydrae tot die ander party se koste te kan maak nie.
- [6] Derhalwe word die volgende bevel verleen:
1. Ouerlike regte en verantwoordelikhede word aan beide die applikante en die respondent toegestaan en die kinders se primêre woning word by die applikante geplaas.
 2. Die respondent het die reg van kontak tot die minderjarige kinders te alle redelike tye met besoek regte elke laaste naweek van die maand.
 3. Die respondent word gelas om voort te gaan om die maandelikse bedrag van R2 000.00 aan die applikante te betaal.
 4. Die respondent word gelas om voort te gaan om die applikante en die minderjarige kinders op sy mediese fonds geregistreer te hou.
 5. Bedes 5 en 6 van die applikante se bedes en bedes 21.5 en 21.6 van die respondent se bedes word van die hand gewys.
 6. Die koste sal koste in die geding wees.

A A LANDMAN

REGTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF

VERSKYNNINGS:

datum van verhoor : 7 Februarie 2013

datum van uitspraak : 14 februarie 2013

vir die applikante : adv g maree

vir die respondent : adv p smit

prokureur vir applikante : nienaber & wissing

prokureur vir respondent : herman scholtz prokureur

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZANWHC/2013/13.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/bezuidenhout-v-bezuidenhout-unknown-topic-anwhc-2013>

Prepared on 10 October 2026 · Esheria